

20

NAÄMAN EN DIE DOGTERTJIE

Ek vertel vir mense van die Here

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet leer om vir mense van die Here te vertel.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet verstaan dat –

- die dogtertjie in die vreemde land iemand van die Here vertel het.
- die Here Naäman se lewe verander het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- graag vir ander van die Here wil vertel.
- God toelaat om hul eie lewens ook te verander.

Vaardigheid

- Die kinders moet saam met hul ouers –
 - seker maak dat die mense wat vir hulle werk 'n Bybel in hul eie taal het.
 - dié mense aanmoedig om waar hulle woon, kerk toe te gaan.
- Die kinders moet in staat wees om die belangrikste dele van die verhaal te vertel.

MEER INLIGTING (2 Konings 5)

Die inligting wat nodig is, is volledig as 'n poppespelstorie by IETS INTERESSANT.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Houer babapoeier.

- Skottel.
- Handdoek.
- Twee handpoppe as daar nie 'n poppekas is nie, en drie poppe indien daar wel 'n poppekas is. Die twee handpoppe sal Naäman en die dogtertjie voorstel, en die derde pop vir die poppekas is Gorrie-gogga. Sonder 'n poppekas sal die kategeet Gorrie se deel as verteller oorvertel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle by Les 17 –
 - die prentjie in hul boek by die huis gaan inkleur het.
 - met hul ouers gesels het oor alles wat hulle bang kan laat voel.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae se antwoorde ken:
 - Hoekom was die dissipels so bang in die boot? (*Daar het 'n groot storm opgekom.*)
 - Wat het Jesus gedoen terwyl die storm opgekom het? (*Hy het geslaap.*)
 - Wat het Hy gedoen nadat Hy wakker geword het? (*Hy het met die wind en die see gepraat en gesê hulle moet stil word.*)
 - Hoe kon Jesus dit regkry dat die storm gaan lê het? (*Hy is God en daarom kon Hy dit doen.*)
 - Kan Jesus ons ook help as ons bang? (*Ja, want Hy is God.*)
 - Wat kan ons doen as ons bang is? (*Ons kan vir Jesus vra om ons te help.*)
- Laat hulle die volgende voltooi: Onthou dat Jesus by ons is, al kan (*ons Hom nie sien nie*).

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Gesels met hulle oor siektes wat hulle al gehad het. Vra vrae soos die volgende:
 - Wie van julle het al masels gehad? Hoe het jy gelyk?
 - En waterpokkies?
 - Watter ander siektes het julle al gehad?
- In die Bybelse tyd was daar 'n siekte waarvoor almal bang was. Dit was melaatsheid. As jy melaats was, het jy lelike sere op jou lyf gekry, nog erger as waterpokkies se seertjies. Die sere het net erger geword en mense kon doodgaan daarvan. Vandag gaan ek vir julle die storie van Naäman en die dogtertjie vertel, toe Naäman melaats geword het.

IETS INTERESSANT (2 Konings 5)

Karakters: Gorrie-gogga; Naäman; 'n dogtertjie.

Gorrie: My naam is Gorrie-gogga, die goggatjie wat so lekker in 'n hoekie wegkruip en vir julle alles vertel wat met mense gebeur. Ek is al baie oud – julle kan amper vir my Oupa Gorrie sê!

Baie jare gelede het ek in 'n belangrike man se huis weggekruip. Daardie man se naam was Naäman – hy was 'n dapper soldaat, eintlik die soldate se leier. Eendag kom hy in die huis in na 'n oorlog. Hy het 'n vreemde dogtertjie se hand vasgehou. Toe praat hy met sy vrou.

Naäman: Ai, maar ek en my soldate was vandag weer baie dapper. Ons het oorlog gemaak teen die Israeliete en sommer 'n klomp goed by hulle gevat. Hulle was te bang om teen ons te veg. Nou is ons weer lekker ryk. Kyk hier vrou, ek het hierdie dogtertjie saamgebring. Sy kan nou vir jou in die huis werk, want sy lyk sommer baie fluks.

Gorrie: Ag siestog, die dogtertjie het baie bang gelyk. Maar weet julle, sy was eintlik dapper. Sy was nie eens bang om met hierdie belangrike man te praat nie.

Dogtertjie: Asseblief, Meneer, hoekom maak julle oorlog met ons? Wat het ons gedoen wat verkeerd is?

Naäman: Luister Kind, ek is baie dapper en ek kan enige land aanval as ek wil. Julle Israeliete dink mos julle is baie belangrik, want julle het 'n magtige en sterk God. Maar ek is niks bang vir julle God nie!

Dogtertjie: Haai Meneer, u mag nie so sê nie! God is baie groot en magtig. 'n Mens mag nie so van Hom praat nie.

Gorrie: Oe! Toe raak ek bang, maats. Sy moenie so met die belangrike man praat nie. Nou-nou word hy kwaad en maak haar seer. Ek kan sien hy is besig om kwaad te word...

Naäman: Hoe durf jy dit sê? Kyk na al my oorloë wat ek al gewen het. Julle God kan my nie keer nie!

Dogtertjie: Askies Meneer, maar hoekom is daar skielik so baie seerplekke op jou arms en bene? Oe, eina, dit lyk of dit baie seer kan wees?

Gorrie: Kan jy glo, toe sy dit sê, loer ek om die kleipot. Baie versigtig, want daardie dapper man het my al probeer doodslaan. Gelukkig was ek te vinnig vir hom. Maar sowaar, sy is reg. Sy arms en bene is vol van die aakligste sere. Kyk, hy is skielik so hartseer, hy het my nie eens gesien nie.

Naäman: Agge nee, ek is melaats. Ai, dit is verskriklik. Niemand kan dit gesond maak nie. Hierdie sere gaan net groter en slegter word. En later sal ek doogaan. Ag tog, dit is vreeslik!

Gorrie: Melaats! Dit is 'n vreeslike siekte. 'n Mens kry sulke lelike sere op jou vel, wat nooit gesond word nie. Dit sweer en sweer, en partykeer kan jy jou vinger of toon wat so sweer, verloor. Maar hoekom het hy so skielik so baie sere? Het God hom siek gemaak omdat hy so lelik praat?

Dogtertjie: Askies Meneer, maar ek kan help. Daar in my land is 'n profeet. Sy naam is Elisa. As hy tot ons God bid, sal ons God jou gesond maak.

Naäman: Regtig? O, maar ek sal bly wees. Ek gaan sommer dadelik na daardie profeet toe.

Gorrie: Julle sal my nie glo nie. 'n Paar weke later kom daardie man terug, en hy is heeltemal gesond.

Naäman: Ai, Dogtertjie, ek is so bly dat jy my gehelp het. Ek was by die profeet, toe sê hy 'n snaakse ding. Hy sê ek moet myself sewe keer in die Jordaanrivier gaan was.

Dogtertjie: Haai Meneer, maar jy was seker baie vuil om so baie keer te was?

Naäman: Vuil, nee, my kind. Dit was hoe julle God my gesond gemaak het. Toe ek uit die water klim, was al die sere weg!

Gorrie: Ek kon my ore nie glo nie. Hierdie dapper man is regtig gesond. Maar hoor net hoe mooi praat hy met die dogtertjie. Glad nie meer so kwaai nie.

Naäman: Weet jy, my kind, ek het nou gesien julle God is baie magtig. Magtiger as enige mens. Ek gaan Hom nou ook aanbid, en ek gaan nooit weer teen jou land oorlog maak nie.

Gorrie: Dit is wonderlik wat met hom gebeur het. Dit wys vir ons, as 'n mens in die Here glo, dan doen jy nie meer lelike dinge nie. Ek wat Gorrie is, was ook nie meer bang vir Naäman nie. Ek het geweet hy sal my nie weer wil doodmaak nie!

En dit het alles gebeur net omdat die dogtertjie vir hom van die Here vertel het! Daarom moet ons ook altyd vir ander mense van die Here vertel. Vertel hoe magtig Hy is, en hoe lief Hy vir ons is. Miskien kan hulle dan ook verander...

IETS BELANGRIK

Vra die volgende vrae om die feite in te skerp:

- 1 Wat was hierdie man wat siek geword het, se naam? (*Naäman.*)
- 2 Watter siekte het hy gekry? (*Hy was melaats.*)
- 3 Wat het die dogtertjie vir hom gesê? (*Dat God hom gesond kan maak.*)
- 4 Na watter profeet toe moes hy gaan? (*Elisa.*)
- 5 Hoeveel keer moes die man homself in die rivier was? (*Sewe keer.*)
- 6 Kan julle onthou wat die rivier se naam was? (*Jordaanrivier.*)
- 7 Wat leer ons by die dogtertjie? (*Ons moet vir ander mense van die Here vertel – hoe magtig Hy is. Dan kan hulle ook in Hom glo.*)

IETS OM TE DOEN

Laat hulle speel-speel die gebeure met Naäman soos volg naboots:

- Gooi van die poeier op almal se arms. Hulle mag dit nie afvee nie – dit stel melaatsheid voor.

- Maak die skottel vol water en verduidelik dat dit die Jordaanrivier voorstel.
- Laat elkeen sy arm sewe keer in die skottel was.
- Laat hulle hul arms afdroeg en kyk of dit nog melaats is.
- Verduidelik dat die Here die man se melaatsheid net so skoon weggewas het.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle gaan teken hoe Naäman in die rivier sy siekte afwas.
- Laat hulle vir iemand van Naäman en die dogtertjie gaan vertel.
- Laat hulle saam met hul ouers seker maak dat die mense wat vir hulle werk 'n Bybel in hul eie taal het.
- Laat hulle dié mense aanmoedig om waar hulle woon, kerk toe te gaan.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die man wat siek geword het, se naam was Naäman.
- Die siekte wat hy gekry het, noem ons melaatsheid.
- Die dogtertjie het vir hom gesê dat God hom gesond kan maak.
- Hy moes na die profeet Elisa toe gaan.
- Elisa het gesê hy moet homself sewe keer in die Jordaanrivier gaan was.
- Ons leer by hierdie dogtertjie dat ons vir ander mense moet vertel hoe magtig die Here is.
- As ons vir ander mense van die Here vertel, kan hulle ook in Hom glo.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 488: 1, 4 en 5 te sing, of te gebruik as gebed. Verduidelik eers dat God ons so wil gebruik om vir die nasies, dit wil sê vir ander mense, van die Here te vertel.

*Helder skyn u lig vir die nasies,
'n vreugdeglans om die mense te verlig
tot die hele wêreld kan sien U is die lig.
Mag u lig, Heer, deur ons skyn.*

*Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;
'n hartvol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.
Mag U hoop, Heer, deur ons gee.*

*U is Koning, Heer, oor die aarde.
Die mense vra na u wil om u te eer
tot die hele wêreld kan juig dat U regeer.
Laat u ryk, Heer, in óns kom!
Laat u ryk, Heer, deur óns kom!
Laat u ryk, Heer, oral kom!*